

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Maandag 1 Julie 1974

WINDHOEK

Monday 1 July 1974

No. 3405

INHOUD

CONTENTS

PROKLAMASIE:

- No. 25 Dorp Swakopmund (Uitbreiding 1): Wysiging van Stigtingsvoorwaardes

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 117 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Geel Margarien
- No. 118 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Pyttabak
- No. 119 Wysiging van Regulasies betreffende Huisvestingsinrigtings en Toerisme
- No. 120 Voorgestelde Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad en die voorgestelde Proklamerings van 'n nuwe Gedeelte van Plaaspad: Distrik Karasburg
- No. 121 Voorgestelde Sluiting van Plaaspad: Distrik Karasburg
- No. 122 Voorgestelde Sluiting van 'n Gedeelte van Distrikspad en die Voorgestelde Proklamerings van 'n nuwe Gedeelte van Distrikspad: Distrik Grootfontein
- No. 123 Voorgestelde Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad: Distrik Grootfontein
- No. 124 Voorgestelde Sluiting van 'n Gedeelte van Distrikspad en die voorgestelde Proklamerings van 'n nuwe Gedeelte van Distrikspad: Distrik Grootfontein
- No. 125 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Regulasies op Nagvuil-, Afval en Vuilwaterverwydering
- No. 126 Voorgenome Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad en die Proklamerings van 'n nuwe Gedeelte daarvan: Distrik Karasburg
- No. 127 Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Gesondheidsregulasies
- No. R.976 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/284)
- No. R.977 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 4 (No. 4/146) ...
- No. R.981 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Regulasies (No. MR/6)

PROCLAMATION:

- Township of Swakopmund (Extension 1): Amendment of Conditions of Establishment 808

GOVERNMENT NOTICES:

- Price Control: Maximum Prices of Yellow Margarine 809
- Price Control: Maximum Prices of Pipe Tobacco 810
- Amendment of Regulations relating to Accommodation Establishments and Tourism ... 810
- Proposed Closing of a Portion of Farm Road and the Proposed Proclamation of a new Portion of Farm Road: District of Karasburg ... 811
- Proposed Closing of Farm Road: District of Karasburg 812
- Proposed Closing of a Portion of District Road and the Proposed Proclamation of a new Portion of District Road: District of Grootfontein 813
- Proposed Closing of a Portion of Farm Road: District of Grootfontein 813
- Proposed Closing of a Portion of District Road and the Proposed Proclamation of a new Portion of District Road: District of Grootfontein 814
- Peri-Urban Development Board: Amendment of the Regulations on the Removal of Nightsoil, Refuse and Slopwater 815
- Proposed Closing of a Portion of Farm Road and the Proclamation of a new Portion thereof: District of Karasburg 815
- Municipality of Windhoek: Amendment of Health Regulations 816
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/284) 819
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 4 (No. 4/146) 820
- (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Regulations (No. MR/6) ... 820

No. R.986	(Republiek) Reëls betreffende die Registrasie van Addisionele Kwalifikasies: Wysiging ...	(Republic) Rules regarding the Registration of Additional Qualifications: Amendment ...	821
No. R.1004	(Republiek) S.A. Aptekersraad: Regulasies betreffende die Registrasie van Addisionele Kwalifikasies ...	(Republic) S.A. Pharmacy Board: Rules Regarding the Registration of Additional Qualifications ...	822
No. R.1021	(Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Kennisgewing kragtens Regulasie 14(M) ...	(Republic) S.A. Medical and Dental Council: Notice in terms of Regulation 14(M) ...	822
No. R.1023	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/285)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/285)	824
No. R.1024	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/286)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/286)	825
No. R.1025	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/287)	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/287)	826
No. R.1026	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/390) ...	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/390)	827
No. R.1027	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/391) ...	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/391)	827
No. R.1028	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/392) ...	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/392)	828
No. R.1029	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 5 (No. 5/58) ...	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 5 (No. 5/58)	829
No. 1049	(Republiek) Algemene Verkiesing van Senatore in Suidwes-Afrika ...	(Republic) General Election of Senators in South West Africa ...	829
ALGEMENE KENNISGEWINGS:		GENERAL NOTICES:	
No. 28	Kennisgewing van Onteiening — Gibeon ...	Notice of Expropriation — Gibeon ...	830
No. 29	Dorp Grootfontein (Uitbreiding 4): Voorgestelde Stigting van ...	Township of Grootfontein (Extension 4): Proposed Establishment of ...	832
No. 374	(Republiek) Bouverenigingsopgawe — April 1974 ...	(Republic) Building Societies Return — April 1974 ...	832
ADVERTENSIES:		ADVERTISEMENTS:	
			833

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 25 van 1974].

WYSIGING VAN STIGTINGSVOORWAARDES DORP SWAKOPMUND (UITBREIDING 1).

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 31 A(2) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) die voorwaardes uiteengesit in die bylae by Proklamasie 35 van 1973 verander -

deur in paragraaf 4.H. die letter "A" deur die letter "B" te vervang.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek, op hierdie die 4de dag van Junie 1974.

B. J. VAN DER WALT,
Administrateur.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 25 of 1974].

AMENDMENT OF CONDITIONS OF ESTABLISHMENT TOWNSHIP OF SWAKOPMUND (EXTENSION 1).

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 31 A(2) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) amended the conditions set forth in the schedule to Proclamation 35 of 1973 as follows -

by the substitution for the letter "A" of the letter "B" in paragraph 4.H.

Given under my hand and seal in Windhoek, on this the 4th day of June, 1974.

B. J. VAN DER WALT,
Administrator.

Goewermentskennisgewings

Government Notices

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 117]

[1 Julie 1974

PRYSBEHEER:

MAKSIMUM PRYSE VAN GEEL MARGARIEN.

Ek, Elias George de Beer, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Pryscontroleur verleen by artikel 3 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), bepaal hierby, ingevolge artikel 4 van genoemde Wet, met ingang van datum van publikasie hiervan, soos volg:

1. Wanneer geel margarien in 'n bakkie van plastiek, of 'n bakkie van 'n ander materiaal, verpak is en waarvan die inhoud heet 'n poli-onversadigde vet te wees of heet poli-onversadigde vetsure te bevat en mits die vetsuurinhoud van die vetfase van geel margarien wat in so 'n bakkie verpak is, sodanig is dat die som van palmitinsuur en steariensuur nie meer as 20 persent volgens massa, en linoleiensuur nie minder as 40 persent volgens massa, van die totale vetsuurinhoud van die geel margarien is nie, is die maksimum afgelewerde prys waarteen 'n vervaardiger sodanig geel margarien aan 'n groothandelaar mag verkoop, R9,13 per 10 kg.
2. Die maksimum afgelewerde prys waarteen 'n vervaardiger geel margarien in 'n ander houër as die in regulasie 1 bedoel, aan 'n groothandelaar mag verkoop, is R13,25 per 15 kg.
3. Die maksimum afgelewerde prys waarteen 'n groothandelaar die geel margarien in regulasie 1 bedoel, aan 'n handelaar mag verkoop, is R10,14 per 10 kg.
4. Die maksimum afgelewerde prys waarteen 'n groothandelaar die geel margarien in regulasie 2 bedoel, aan 'n handelaar mag verkoop, is R14,70 per 15 kg.
5. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar die geel margarien in regulasie 1 bedoel, mag verkoop, is 27 sent per 250 g.
6. Die maksimum prys waarteen 'n handelaar geel margarien in 'n ander houër as dié in regulasie 1

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 117]

[1 Julie 1974

PRICE CONTROL:

MAXIMUM PRICES OF YELLOW MARGARINE.

I, Elias George de Beer, Deputy Price Controller, acting by virtue of the powers conferred on me by the Price Controller under section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), do hereby prescribe, in terms of section 4 of the said Act, with effect from date of publication hereof, as follows:

1. When yellow margarine is contained in a plastic tub, or any tub of any other material, and the content of which is purported to be a poly unsaturated fat or is purported to contain poly unsaturated fatty acids and if the fatty acid content of the fat phase of the yellow margarine contained in such a tub is such that the sum of palmitic acid and stearic acid does not exceed 20 per cent by mass, and linoleic acid is not less than 40 per cent by mass, of the total fatty acid content of the yellow margarine, the maximum delivered price at which any manufacturer may sell such yellow margarine to any wholesaler shall be R9,13 per 10 kg.
2. The maximum delivered price at which any manufacturer may sell yellow margarine in any container other than that referred to in regulation 1, to any wholesaler shall be R13,25 per 15 kg.
3. The maximum delivered price at which any wholesaler may sell yellow margarine referred to in regulation 1, to any dealer shall be R10,14 per 10 kg.
4. The maximum delivered price at which any wholesaler may sell yellow margarine referred to in regulation 2, to any dealer shall be R14,70 per 15 kg.
5. The maximum price at which any dealer may sell the yellow margarine referred to in regulation 1, shall be 27 cents per 250 g.
6. The maximum price at which any dealer may sell yellow margarine in any container other than that

bedoel, mag verkoop, is 26 sent per 250 g.

7. In hierdie kennisgewing het "geel margarien" die betekenis soos in artikel 1 van die Wet op die Suiwelnywerheid, 1961 (Wet 30 van 1961), omskryf.
8. Hierdie kennisgewing is in Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai van toepassing.
9. Goewermenskennisgewing 255 van 1 Desember 1973 word hierby ingetrek.

E. G. DE BEER,
Adjunk-Pryskontroleur.

referred to in regulation 1, shall be 26 cents per 250 g.

7. In this notice "yellow margarine" shall mean yellow margarine as defined by section 1 of the Dairy Industry Act, 1961 (Act 30 of 1961).
8. This notice applies in South West Africa and the port and settlement Walvis Bay.
9. Government Notice 255 of 1 December 1973 is hereby withdrawn.

E. G. DE BEER,
Deputy Price Controller.

No. 118]

[1 Julie 1974

PRYSBEHEER:

MAKSIMUM PRYSE VAN PYPTABAK.

Ek, Elias George de Beer, Adjunk-pryskontroleur, handelende kragtens die bevoegdheid my deur die Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), bepaal hierby, kragtens artikel 4 van die genoemde Wet, soos volg:

1. Die maksimum prys waarteen enigiemand pyptabak in die kleinhandel mag verkoop, is die prys waarteen hy sodanige pyptabak gewoonlik gedurende Mei 1974 verkoop het plus twee sent per 25 gram.
2. Hierdie kennisgewing is in Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai van toepassing.
3. Goewermenskennisgewing No. 50 van 16 April 1973 word hierby ingetrek.

E. G. DE BEER,
Adjunk-pryskontroleur.

No. 118]

[1 Julie 1974

PRICE CONTROL:

MAXIMUM PRICES OF PIPE TOBACCO.

I Elias George de Beer, Deputy Price Controller, acting under the powers assigned to me by the Price Controller in terms of section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), do hereby, under section 4 of the said Act, prescribe as follows:

1. The maximum price at which any person may sell pipe tobacco by retail is the price at which he ordinarily sold such pipe tobacco during May 1974 plus two cents per 25 gram.
2. This notice applies in South West Africa and the port and settlement Walvis Bay.
3. Government Notice No. 50 of 16 April 1973 is hereby withdrawn.

E. G. DE BEER,
Deputy Price Controller.

No. 119]

[1 Julie 1974

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE HUISVESTINGSINRIGTINGS EN TOERISME.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 56 van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1973 (Ordonnansie 20 van 1973) die regulasies afgekondig by Goewermenskennisgewing 75 van 18 April 1974 gewysig deur die volgende regulasie na regulasie 5 in te voeg:

No. 119]


[1 Julie 1974

AMENDMENT OF THE REGULATIONS RELATING TO ACCOMMODATION ESTABLISHMENTS AND TOURISM.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 56 of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1973 (Ordinance 20 of 1973) amended the regulations published under Government Notice 75 of 18 April 1974, by the insertion after regulation 5 of the following regulation:


“ONDERSKEIDINGSTEKENS VIR BINNE-
VERBRUIKDRANKLISENSIES.

5. A. In die geval van 'n inrigting ten opsigte waarvan 'n dranklisensie genoem in Kolom I hieronder ingevolge die Drankordonnansie 1969 (Ordonnansie 2 van 1969) uitgereik is of 'n inrigting ten opsigte waarvan nie 'n binneverbruikdranklisensie uitgereik is nie moet die onderskeidingstekens voorgeskryf in kolom II hieronder saam met die onderskeidingstekens voorgeskryf in regulasies 4 en 5 op die plaket wat ingevolge artikel 26 van die Ordonnansie aan elke inrigting verskaf word, vertoon word.

KOLOM I	KOLOM II
Binneverbruikdranklisensie	YYY
Restaurantdranklisensie	YY
Geen dranklisensie	

“INSIGNIA FOR ON-CONSUMPTION LIQUOR
LICENCES

5. A. In the case of an establishment in respect of which a liquor licence mentioned in Column I below has been issued in terms of the Liquor Ordinance, 1969 (Ordinance 2 of 1969) or an establishment in respect of which no liquor licence has been issued, the insignia prescribed in Column II below together with the insignia prescribed in regulations 4 and 5 shall be displayed on the plaque issued to all establishments in terms of section 26 of the Ordinance.

COLUMN I	COLUMN II
On-consumption liquor licence	YYY
Restaurant liquor licence	YY
No liquor licence	

No. 120]

[1 Julie 1974

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE
VAN PLAASPAD 277 EN DIE VOORGENOME
PROKLAMERING VAN 'N NUWE GEDEELTE
VAN PLAASPAD 277:
DISTRİK KARASBURG.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Karasburg versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 277, gesluit word soos in Bylae I hieronder beskryf en dat 'n nuwe gedeelte van plaaspad 277 geproklameer word soos in Bylae II hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P586) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatapaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof- Paaie-ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Karasburg, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt (F op skets P586) op distrikspad 306 op die plaas Gedeelte 1 (Kuduberg Nord) van Kuduberg 9 algemeen wes-suidweswaarts oor die plase Gedeelte 1 (Kuduberg Nord) van Kuduberg 9 en Gedeelte 1

No. 120]

[1 July 1974.

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM
ROAD 277 AND THE PROPOSED
PROCLAMATION OF A NEW PORTION OF
FARM ROAD 277: DISTRICT OF KARASBURG.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Karasburg requests that a portion of farm road 277 be closed as described in Schedule I hereto and that a new portion of farm road 277 be proclaimed as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P586) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Karasburg.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing within thirty days from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (F on sketch P586) on district road 306 on the farm Portion 1 (Kuduberg Nord) of Kuduberg 9 generally west-south-westwards across the farms Portion 1 (Kuduberg Nord) of Kuduberg 9 and Portion 1

(Middelberg) van Frankfurt 7 tot op 'n punt (H op skets P586) op plaaspad 277 naby die oostelike grens van laasgenoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (H op skets P586) op plaaspad 277 naby die oostelike grens van die plaas Gedeelte 1 (Middelberg) van Frankfurt 7 algemeen ooswaarts oor die plase Gedeelte 1 (Middelberg) van Frankfurt 7 en Gedeelte 1 (Kuduberg Nord) van Kuduberg 9 tot op 'n punt (G op skets P586) op distrikspad 298 op laasgenoemde plaas.

(Middelberg) of Frankfurt 7 to a point (H on sketch P586) on farm road 277 near the eastern boundary of the last-mentioned farm.

SCHEDULE II

From a point (H on sketch P586) on farm road 277 near the eastern boundary of the farm Portion 1 (Middelberg) of Frankfurt 7 generally eastwards across the farms Portion 1 (Middelberg) of Frankfurt 7 and Portion 1 (Kuduberg Nord) of Kuduberg 9 to a point (G on sketch P586) on district road 298 on the last-mentioned farm.

No. 121]

[1 Julie 1974.

VOORGENOME SLUITING VAN PLAASPAD 276: DISTRIK KARASBURG.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Karasburg versoek dat plaaspad 276 gesluit word soos beskryf in die bylae hieronder.

'n Sketskaart (nommer P586) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof-Paaie-Ingenieur, Windhoek, en die Paaie-superintendent, Karasburg, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE

Van 'n punt (H op skets P586) op plaaspad 277 naby die oostelike grens van die plaas Gedeelte 1 (Middelberg) van Frankfurt 7 algemeen suidweswaarts oor die plase Gedeelte 1 (Middelberg) van Frankfurt 7, Gedeelte 2 (Bruinkop) van Frankfurt 7, Gedeelte 1 (Middelberg) van Frankfurt 7 en Frankfurt 7 tot op 'n punt (I op skets P586) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suid-suidweswaarts oor die plase Frankfurt 7 en Gedeelte 1 van Kanebis 5 tot op 'n punt (Q op skets P586) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die plase Gedeelte 1 van Kanebis 5 en Geiaus 6 tot op 'n punt (J op skets P586) naby die opstal van laasgenoemde plaas.

No. 121]

[1 July 1974.

PROPOSED CLOSING OF FARM ROAD 276: DISTRICT OF KARASBURG.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Karasburg requests that farm road 276 be closed as described in the schedule hereto.

A sketch map (number P586) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Karasburg.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing within thirty days from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE

From a point (H on sketch P586) on farm road 277 near the eastern boundary of the farm Portion 1 (Middelberg) of Frankfurt 7 generally south-westwards across the farms Portion 1 (Middelberg) of Frankfurt 7, Portion 2 (Bruinkop) of Frankfurt 7, Portion 1 (Middelberg) of Frankfurt 7 and Frankfurt 7 to a point (I on sketch P586) on the last-mentioned farm; thence generally south-south-westwards across the farms Frankfurt 7 and Portion 1 of Kanebis 5 to a point (Q on sketch P586) on the last-mentioned farm; thence generally westwards across the farms Portion 1 of Kanebis 5 and Geiaus 6 to a point (J on sketch P586) near the homestead of the last-mentioned farm.

No. 122]

[1 Julie 1974.

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2858 EN DIE VOORGENOEME PROKLAMERING VAN 'N NUWE GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2858: DISTRIK GROOTFONTEIN.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Grootfontein versoek dat 'n gedeelte van distrikspad 2858 gesluit word soos in Bylae I hieronder beskryf en dat 'n nuwe gedeelte van distrikspad 2858 geproklameer word soos in Bylae II hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P517) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof-Paaie-Ingenieur, Windhoek, en die Paaie-superintendent, Grootfontein, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt (B op skets P517) op distrikspad 3021 op die plaas Abenab 707 algemeen noordooswaarts oor die plaas Abenab 707 tot op 'n punt (K op skets P517) op distrikspad 2858 naby die noordoostelike hoekbaken van genoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (K op skets P517) op distrikspad 2858 naby die noordoostelike hoekbaken van die plaas Abenab 707 algemeen suidwaarts langs of naby die oostelike grens van die plaas Abenab 707 tot op 'n punt (H op skets P517) op grootpad 73 op genoemde plaas.

No. 122]

[1 July 1974.

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 2858 AND THE PROPOSED PROCLAMATION OF A NEW PORTION OF DISTRICT ROAD 2858: DISTRICT OF GROOTFONTEIN.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Grootfontein requests that a portion of district road 2858 be closed as described in Schedule I hereto and that a new portion of district road 2858 be proclaimed as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P517) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Grootfontein.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing within thirty days from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (B on sketch P517) on district road 3021 on the farm Abenab 707 generally north-eastwards across the farm Abenab 707 to a point (K on sketch P517) on district road 2858 near the north-eastern corner beacon of the said farm.

SCHEDULE II

From a point (K on sketch P517) on district road 2858 near the north-eastern corner beacon of the farm Abenab 707 generally southwards along or near the eastern boundary of the farm Abenab 707 to a point (H on sketch P517) on main road 73 on the said farm.

No. 123]

[1 July 1974.

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 2878: DISTRIK GROOTFONTEIN.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Grootfontein versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 2878 gesluit word soos in die bylae hieronder beskryf.

No. 123]

[1 July 1974.

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM ROAD 2878: DISTRICT OF GROOTFONTEIN.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Grootfontein requests that a portion of farm road 2878 be closed as described in the schedule hereto.

'n Sketskaart (nommer P517) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof-Paaie-Ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Grootfontein ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE

Van 'n punt (H op skets P517) op plaaspad 2878 naby die suidoostelike hoekbaken van die plaas Abenab 707 algemeen weswaarts oor die plaas Abenab 707 tot op 'n punt (I op skets P517) op grootpad 73 op genoemde plaas.

No. 124]

[1 Julie 1974.

VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2848 EN DIE VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N NUWE GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2848: DISTRIK GROOTFONTEIN.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Grootfontein versoek dat 'n gedeelte van distrikspad 2848 gesluit word soos beskryf in Bylae I hieronder en dat 'n nuwe gedeelte van distrikspad 2848 geproklameer word soos beskryf in Bylae II hieronder.

'n Sketskaart (nommer P517) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, lê by die kantore van die Hoof-Paaie-Ingenieur, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Grootfontein, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogemelde versoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt (G op skets P517) op geslote grootpad 73 op die plaas Genua 712 algemeen noord-noordooswaarts oor die plaas Genua 712 tot op 'n punt (F op skets P517) op distrikspad 2848 op genoemde plaas.

A sketch map (number P517) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek and the Roads Superintendent, Grootfontein.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing within thirty days from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE

From a point (H on sketch P517) on farm road 2878 near the south-eastern corner beacon of the farm Abenab 707 generally westwards across the farm Abenab to a point (I on sketch P517) on main road 73 on the said farm.

No. 124]

[1 July 1974.

PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 2848 AND THE PROPOSED PROCLAMATION OF A NEW PORTION OF DISTRICT ROAD 2848: DISTRICT OF GROOTFONTEIN.

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Grootfontein requests that a portion of district road 2848 be closed as described in Schedule I hereto and that a new portion of district road 2848 be proclaimed as described in Schedule II hereto.

A sketch map (number P517) of the area concerned indicating the road referred to in the request as well as other proclaimed, minor and private roads in that area, lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek, and the Roads Superintendent, Grootfontein.

Any person having any objections to the above request should lodge such objections in writing within thirty days from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point (G on sketch P517) on closed main road 73 on the farm Genua 712 generally north-north-eastwards across the farm Genua 712 to a point (F on sketch P517) on district road 2848 on the said farm.

BYLAE II

Van 'n punt (F op skets P517) op distrikspad 2848 op die plaas Genua 712 algemeen wes-suidweswaarts oor die plaas Genua 712 tot op 'n punt (E op skets P517) op grootpad 73 naby die westelike grens van genoemde plaas.

No. 125]

[1 Julie 1974.

**RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING:
WYSIGING VAN REGULASIES OP NAGVUIL-,
AFVAL- EN VUILWATERVERWYDERING**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekindig by Goewermentskennisgewing 137 van 1972.

1. Vervang Tarief 1(a) van Bylae A deur die volgende:

“(a) Permanente Afvalverwyderingsdienste:

- (i) Een houer, twee verwyderings per week – R1,25 per maand.
- (ii) Addisionele houers, twee verwyderings per week – R0,75 per maand vir elke addisionele houer.”

2. Die wysiging tree in werking op 16 Junie 1974.

No. 126]

[1 Julie 1974.

**VOORGENOME SLUITING VAN 'N GEDEELTE
VAN PLAASPAD 226 EN DIE PROKLAMERING
VAN 'N NUWE GEDEELTE DAARVAN:
DISTRIK KARASBURG.**

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 17(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) word hierby bekend gemaak dat aansoek gedoen is dat 'n gedeelte van plaaspad 226 in die distrik Karasburg gesluit moet word soos in Bylae I beskryf en dat 'n nuwe gedeelte van plaaspad 226 geproklameer moet word soos in Bylae II uiteengesit.

'n Sketskaart (nommer P450) van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaappaie in

SCHEDULE II

From a point (F on sketch P517) on district road 2848 on the farm Genua 712 generally west-south-westwards across the farm Genua 712 to a point (E on sketch P517) on main road 73 near the western boundary of the said farm.

No. 125]

[1 Julie 1974.

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD:

**AMENDMENT OF REGULATIONS ON THE
REMOVAL OF NIGHTSOIL, REFUSE AND
SLOPWATER.**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) approved the following amendment of the regulations published under Government Notice 137 of 1972.

1. Substitute the following for Tariff 1(a) of Schedule A:

“(a) Permanent refuse removal services:

- (i) One container, two removals per month – R1,25 per month.
- (ii) Additional containers, two removals per week – R0,75 per month for every additional container.

2. This amendment shall come into operation on 16 June 1974.

No. 126]

[1 Julie 1974.

**PROPOSED CLOSING OF A PORTION OF FARM
ROAD 226 AND THE PROCLAMATION OF A
NEW PORTION THEREOF:
DISTRICT OF KARASBURG.**

Under and by virtue of the provisions of section 17(1) of the Roads Ordinance 1972, (Ordinance 17 of 1972) it is hereby made known that application has been made that a portion of farm road 226 in the district of Karasburg be closed as described in Schedule I and that a new portion of farm road 226 be proclaimed as described in Schedule II.

A sketch map (number P450) of the area concerned indicating the road referred to in the application as well as other proclaimed, minor and private roads in the

daardie streek aangetoon word lê by die kantore van die Hoof-Paai-ingenieur, Windhoek, en die Paaie-superintendent, Karasburg, ter insae.

Iedereen wat enige besware het teen bogenoemde aansoek moet sodanige besware binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 1 Julie 1974 skriftelik indien by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek.

BYLAE I

Van 'n punt op die suidoostelike grens van die opgemete erwe van die dorp Warmbad 306 algemeen suidooswaarts in die distrik Warmbad oor die plase Dorpsgrond van Warmbad 145, Lugeck 114 en Vaaldoorn 91 tot op 'n punt op laasgenoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt op plaaspad 226 op die plaas Vaaldoorn 91 algemeen wes-suidweswaarts oor die plase Vaaldoorn 91, Lugeck 114 en Hochfeld 112 tot op 'n punt op distrikspad 206 op laasgenoemde plaas.

area lies for inspection at the offices of the Chief Roads Engineer, Windhoek and the Roads Superintendent, Karasburg.

Any person having any objections to the above application should lodge such objections in writing within 30 days as from 1 July 1974 with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek.

SCHEDULE I

From a point on the southeastern limit of the surveyed erven of the Township of Warmbad 306 generally south-eastwards in the district of Warmbad across the farms Townlands of Warmbad 145, Lugeck 114 and Vaaldoorn 91 to a point on the last-mentioned farm.

SCHEDULE II

From a point on farm road 226 on the farm Vaaldoorn 91 generally west-southwestwards across the farms Vaaldoorn 91, Lugeck 114 and Hochfeld 112 to a point on district road 206 on the last-mentioned farm.

No. 127] [1 Julie 1974

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK: WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 285 van 1952, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 40 en 256 van 1954, 117 en 137 van 1955, 259 van 1956, 189 van 1957, 309 van 1958, 14 en 150 van 1961, 203 van 1964, 96 van 1969, 133 van 1971, 153 van 1971 en 130 van 1972:

1. Vervang Bylaes A, B, en C deur die volgende:

"BYLAE A (ingevolge hoofstuk IV)

1 (a) Die verwydering van nagvuil of urine van enige eiendom wat nie by die Raad se rioolstelsel aangesluit kan word nie, die volgende tariewe:

2 dienste per week, R5,20 per maand of gedeelte van 'n maand

3 dienste per week, R8,10 per maand of gedeelte van 'n maand

4 dienste per week, R10,90 per maand of gedeelte van 'n maand

No. 127] [1 July 1974

MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following amendment of the Regulations promulgated under Government Notice 285 of 1952, as amended by Government Notices 40 and 256 of 1954, 117 and 137 of 1955, 259 of 1956, 189 of 1957, 309 of 1958, 14 and 150 of 1961, 203 of 1964, 96 of 1969, 133 of 1971, 153 of 1971 and 130 of 1972:

1. Substitute the following for Schedules A, B and C:

"SCHEDULE A (in terms of Chapter IV)

1. (a) Removal of night soil or urine from any property which cannot be connected to the Council's sewerage system, the following tariffs:

2 services per week R5,20 per month or portion of a month

3 services per week R8,10 per month or portion of a month

4 services per week R10,90 per month or portion of a month

5 dienste per week, R13,50 per maand of gedeelte van 'n maand

5 services per week R13,50 per month or portion of a month

6 dienste per week, R16,30 per maand of gedeelte van 'n maand

6 services per week R16,30 per month or portion of a month

(b) Die verwydering van nagvuil of urine van enige eiendom, insluitende geboue wat nog in aanbou is wat by die Stadsraad se rioolstelsel aangesluit kan word, maar wat nog nie aangesluit is nie, die volgende tariewe:

(b) The removal of night soil or urine from any property, including buildings in the course of erection, which can be connected to the Council's sewerage system but which has not yet been connected thereto, the following tariffs:

In die geval van voltooid geboue is die tariewe van toepassing nadat drie maande kennisgewing om sodanige eiendom aan te sluit deur die Raad aan die eenaar bestel is, maar in die geval van geboue wat nog in aanbou is sal die tariewe van toepassing wees van die datum wat die dienste gelewer word:

In the case of completed buildings, the tariffs shall be applicable after three months notice, to connect such property has been served by the Council on the owner thereof, but in the case of buildings in the course of erection, these tariffs shall be applicable as from the date such services are rendered:

2 dienste per week, R15,20 per maand of gedeelte van 'n maand

2 services per week R15,20 per month or portion of a month

3 dienste per week, R24,40 per maand of gedeelte van 'n maand

3 services per week R24,40 per month or portion of a month

4 dienste per week, R32,40 per maand of gedeelte van 'n maand

4 services per week R32,40 per month or portion of a month

5 dienste per week, R40,50 per maand of gedeelte van 'n maand

5 services per week R40,50 per month or portion of a month

6 dienste per week, R48,60 per maand of gedeelte van 'n maand

6 services per week R48,60 per month or portion of a month

(c) Die verwydering van emmers van persele en plekke waar onthale of vorme daarvan gehou word, die volgende tarief:

(c) The removal of pails from premises and places where functions or forms thereof have been held, the following tariff:

R1,40 per emmer per dag of gedeelte van 'n dag.

R1,40 per pail per day or portion of a day.

(d) Huurgelde ten opsigte van tydelike latrines wat deur die munisipaliteit aangebring word -

(d) Rental in respect of temporary latrines supplied by the Municipality:

R5,50 per maand of gedeelte van 'n maand.

R5,50 per month or portion of a month.

(e) Sanitasiedienste ten opsigte van mallemeules, sigeunerkampe, sirkusse en alle pretparke of vorme daarvan -

(e) Sanitary services in respect of fun parks, gypsy camps, circuses and all forms thereof:

R22,50 per dag of gedeelte van 'n dag.

R22,50 per day or portion of a day.

BYLAE B (Ingevolg Hoofstuk IV)

SCHEDULE B (in terms of Chapter IV)

1. (a) Die verwydering van spoelwater vanuit opgaartenks:

1. (a) The removal of slop water from conservancy tanks:

R4,20 per 4 546 liter

R4,20 per 4 546 litres.

(b) Die verwydering van spoelwater vanuit opgaartenks geleë op eiendomme wat aan die Raad se rioolnetwerk aangesluit kan word, maar wat nie aangesluit is nie nadat drie maande kennisgewing om sodanige eiendom aan te sluit aan die eienaar deur die Raad bestel is:

R12,10 per 4546 liter.

BYLAE C (Ingevolge Hoofstuk VI)

1. Die verwydering en vernietiging van vullis, mis en karkasse:

- (a) (i) die verwydering twee keer per week van die inhoud van elke vullisblik met hoogstens ,085 kubieke meter inhoudsvermoe: R2,25 per maand of gedeelte van 'n maand
- (ii) Vir die daaglikse verwydering van die inhoud van vullisblikke met hoogstens ,085 kubieke meter inhoudsvermoe: eerste twee blikke minimum van R13,50 per maand of gedeelte van 'n maand; elke bykomende blik R4,20 per maand of gedeelte van 'n maand.
- (b) Vir die verwydering van vullis in groter hoeveelhede of meer dikwels as in paragraaf (a) genoem, en vir die verwydering van kraalmis word spesiale gelde by onderlinge ooreenkoms vasgestel.
- (c) Die vernietiging van vullis (met uitsluiting van die verwydering daarvan) -
70c per vrag of gedeelte van 'n vrag.
- (d) Die vernietiging van kraalmis (met uitsluiting van die verwydering daarvan) -
70c per vrag of gedeelte van 'n vrag.
- (e) Die vernietiging van karkasse van grootvee (met uitsluiting van die verwydering daarvan) -
R2,25 per karkas.
- (f) Die verwydering van karkasse van grootvee van enige perseel of plek binne die dorpsgebied:
R4,50 per karkas
- (g) Die verwydering van karkasse van kleinvee en troeteldiere:
R1,40 per karkas
- (h) Die begrawing van karkasse onder paragraaf (g) genoem -

(b) The removal of slop water from conservancy tanks situated on premises which can be connected to the Council's sewer but which has not been connected after three months' notice so to connect has been served on the owner by the Council:

R 12,10 per 4 546 litres.

SCHEDULE C (In terms of Chapter VI)

1. The removal and destruction of refuse, manure and carcasses:

- (a) (i) Removal twice weekly of contents of every refuse bin of a capacity not exceeding ,085 cubic metre
R2,25 per month or portion of a month.
- (ii) Daily removal of contents of every refuse bin of a capacity not exceeding ,085 cubic metre. First two bins minimum of R13,50 per month or portion of a month.
Each additional bin R4,20 per month or portion of a month:
- (b) Removal of refuse of a larger quantity or more often than referred to under paragraph (a) as also for the removal of manure, a special charge shall be levied as may be agreed upon mutually.
- (c) Destruction of refuse (excluding removal) -
70c per load or portion of a load.
- (d) Destruction of manure (excluding removal) -
70c per load or portion of a load.
- (e) Destruction of carcasses of large stock (excluding removal)
R2,25 per carcass.
- (f) Removal of any carcass of large stock from any premises or place within the township area -
R4,50 per carcass.
- (g) Removal of any carcass of small stock including the carcasses of pets -
R1,40 per carcass.
- (h) Burial of carcasses referred to under paragraph (g) above -

R1,40 per karkas

(i) Die verwydering van vullis in grootmaat -

swaar en moeilike hanteerbare materiaal soos byvoorbeeld klip, yster, ens.

R13,50 per vrag of gedeelte van 'n vrag.

Ander vullis wat ligter en makliker hanteerbaar is: R4,50 per vrag of gedeelte van 'n vrag: Met dien verstande dat die Raad in sy diskresie vullis van erwe en sypaadjies gratis kan verwyder."

R1,40 per carcass.

(i) Removal of refuse in bulk -

Heavy objects and objects not easy to handle e.g. stone, iron, etc., R13,50 per load or portion of a load.

Other refuse being lighter and easier to handle R4,50 per load or portion of a load: Provided that the Council may in its discretion remove refuse from erven and sidewalks free of charge."

No. R. 976 (Republiek)

[14 Junie 1974]

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/284).

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Alge- meen	M.B.N.	Voor- keur
68.13 Deur na subpos No. 68.13.30 die volgende in te voeg:				
"68.13.35 Asbesvelle, -rolle of -reep, met 'n dikte van hoogstens 0,5 mm, diëlektriese graad, nie geïmpregneer of bestryk nie	kg	vry"		

OPMERKING: Spesifieke voorsiening word gemaak vir asbesvelle, -rolle of -reep, met 'n dikte van hoogstens 0,5 mm, diëlektriese graad, nie geïmpregneer of bestryk nie, en die reg daarop word verlaag van 20% na vry.

No. R. 976 (Republiek)

[14 Junie 1974]

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/284).

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule No. 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Prefer- ential
68.13 By the insertion after subheading No. 68.13.30 of the following:				
"68.13.35 Asbestos sheets, rolls or strip, of a thickness not exceeding 0,5 mm, dielectric grade, not impregnated or coated	kg	free"		

NOTE: Specific provision is made for asbestos sheets, rolls or strip, of a thickness not exceeding 0,5 mm, dielectric grade, not impregnated or coated, and the duty thereon is reduced from 20% to free.

No. R. 977 (Republiek)]

[14 Junie 1974

No. R. 977 (Republic)]

[14 June 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN BYLAE NO. 4 (NO. 4/146).

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 4 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHES,
Minister van Finansies.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
410.03	Deur na paragraaf (III) die volgende in te voeg: “(IV) Meestermodelle, kolmaskers en dergelike artikels, vir gebruik in die voorbereiding van ponsse of matryse vir die pers van motorvoertuigbak-komponente	Volle reg”
460.02	Deur voor tariefpos No. 10.04 die volgende in te voeg: “08.04 Druive, gedroog, in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat	Volle reg”

- OPMERKINGS: 1. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op meestermodelle, kolmaskers en dergelike artikels, vir gebruik in die voorbereiding van ponsse of matryse vir die pers van motorvoertuigbakkomponente.
2. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op gedroogde druive in die hoeveelhede en op die tye wat die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking by bepaalde permit toelaat.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/146).

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule No. 4 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHES,
Minister of Finance.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
410.03	By the insertion after paragraph (III) of the following: “(IV) Master models, spotting masks and the like, for use in the preparation of punches or dies for pressing motor vehicle body components	Full duty”
460.02	By the insertion before tariff heading No. 10.04 of the following: “08.04 Grapes, dried, in such quantities and at such times as the Secretary for agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit	Full duty”

- NOTES: 1. Provision is made for a rebate of the full duty on master models, spotting masks and the like, for use in the preparation of punches or dies for pressing motor vehicle body components.
2. Provision is made for a rebate of the full duty on dried grapes in such quantities and at such times as the Secretary for Agricultural Economics and Marketing may allow by specific permit.

No. R. 981 (Republiek)]

[14 Junie 1974

No. R. 981 (Republic)]

[14 June 1974

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.-
WYSIGING VAN REGULASIES (NO. MR/6).

Kragtens artikel 120 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 word die regulasies ingevolge Goewermensken-

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.-
AMENDMENT OF REGULATIONS (NO. MR/6).

Under section 120 of the Customs and Excise Act, 1964, the regulations published in Government Notice

nisgewing R. 1770 van 5 Oktober 1973 uitgevaardig, gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE

Deur in die Tweede Bylae die voorgeskrewe vorm DA 60A te skrap.

Opmerking: Vorm DA 60A word geskrap.

R. 1770 of 5 October 1973 are amended to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE

By the deletion in the Second Schedule of the prescribed form DA 60A.

Note: Form DA 60A is deleted.

No. R. 986 (Republiek)]

[14 Junie 1974

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD:
WYSIGING VAN DIE REÛLS BETREFFENDE DIE
REGISTRASIE VAN ADDISIONELE KWALIFI-
KASIES.

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94(4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan onderstaande wysiging van die reëls wat die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad kragtens artikel 94(2)(h) van die Wet opgestel het en wat by Goewermentskennisgewing R.1678 van 29 September 1971 afgekondig is:

Die byvoeging van die volgende verdere kwalifikasies:

1. Onder die opskrif (a) *Geneeshere*

<i>Eksaminerende liggaam</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>
